Casey Robertson

Graad 10/ 2022

Afrikaans eerste taal (huistaal)

Kategorie:  Poësie

Titel:  Die wonders van 'n boek

**<u>Die wonders van 'n boek</u>** *(Casey Robertson)*

Ken jy die boek
van die meisie, met die kappie van bloedrooi fluweel,
van die drie varkies, met nêrens om te gaan,
of dié van die man op die maan?

Ken jy die boek
van swerwers sonder rigting,
en soekers wat nooit vind?
Eindelose boeke oor kinders van die wind…
Maak oop die boek en sien wat in die fynskrif skuil,
vir die stories in boeke sal ek niks anders verruil!

My gedagtes hardloop vry en maak 'n draai om elke hoek,
altyd na 'n splinternuwe storie op soek.

Die hele wêreld word stil en ek luister in die donker uur,
Na die naggeluide van die blaai van my boek se papier.
Ek lees die boeke van legendes,
soos:  Andre Brink en Antjie Krog en
hulle bloei hulself uit…
op papier!

Ek lees boeke oor speurverhale,
en ek lê heelnag wakker en dink…
wie?
My gedagtes hardloop vry!

Ek is vasgehoek
aan hierdie wonder sprokiesboek,
van prinsesse en paddas
met gelukkige eindes.

Ek moet terugkeer na realiteit,
onder my flenterskombersie in Distrik Ses,
in ons kleine sinkdakhuisie,
saam met Ouma en Oupa en Ma en Pa en al die res

Seker moet ek ‘n uiltjie knip
en soet drome droom
Want my drome is nes ‘n boek vir my.
Al wat ek kan doen om die werklikheid te vermy.
Niemand wat drink óf rook óf vloek.
Dít is die wonder van ‘n storieboek

In my storieboek is ek buite bereik,
van die boewe en bendes wat my wil vang,
maar ek kruip weg,
agter die hardebandboeke

“Rus sag; ek pas jou op,” sê my goeie feë vir my.
“Moenie bekommer nie; …” die ridder op die wit perd is jy!

Ritsel, ritsel…

My boek is toe,

en die straatligte uit,

en dit is die einde van dié boek- fluit-fluit.